# <u>Behoort</u>

Ons is besig met 'n reeks – Die doelgerigte Lewe. Hier is die 5 pillare weer:

- Beleef – Verhouding met God
- Behoort – verhouding met Kerk
- Bemagtig – verdiep en groei om meer soos Jesus te wees
- Bedien – bediening in die kerk
- Beinvloed – bediening in die missie veld

**EFESIËRS 1:5 NLV**

**'Deur wat Christus gedoen het, het God vooraf besluit om ons as sy kinders aan te neem. Hy het dit gedoen omdat dit is hoe Hy dit wou hê. '**

- God wou nog altyd 'n familie gehad het.

**Efesiers 2:19-22, Die Boodskap**

**Julle moet besef wat dit alles vir julle beteken. Vir God en sy mense is julle nie nou meer vreemd of staan julle daar buite iewers nie. Nee, julle is nou in die volste sin van die woord deel van God se mense. Julle is deel van sy familie. Of laat ek die beeld van die bou van 'n huis gebruik. Julle is deel van die gebou wat God in hierdie wêreld aan die bou is. Die fondament van die gebou is die boodskap oor Jesus wat julle gehoor het van die manne wat deur God gestuur is en namens Hom praat. Die belangrikste steen in die gebou, waarsonder die gebou sommer inmekaar sal val, is Jesus self. Omdat ons almal Jesus s'n is en Hy ons Here is, vorm ons almal saam 'n sterk en stewige gebou. Dit is soos 'n spesiale huis net vir God. Elkeen van julle wat Jesus s'n is, is deel van hierdie gebou. En God self woon in julle gebou omdat sy Gees in julle is.**

## <u>Hoekom is kerk belangrik?</u>

### 1) Veligheid:

***Kolossense 1:18, NLV***
***Hý is die hoof van die kerk,***
***sy liggaam.***

**Efesiers 4:14-16, NLV**
**"Dan, as mense ons met slinksheid en slimstreke op verkeerde paaie wil lei, sal ons nie meer soos klein kindertjies wees nie. Ons sal nie meer omgewaai**

**of weggewaai word deur die wind van elke ding wat hulle verkondig nie. Nee, terwyl ons mekaar liefhet, sal ons by die waarheid bly en so in alle opsigte groei om soos Christus te wees. Dit werk so: Christus is die Hoof. Onder leiding van die Hoof is die liggaam goed aanmekaargesit. Al die ondersteunende ligamente hou die liggaam bymekaar. Elke liggaamsdeel vervul sy bestemde funksie, en so, deur liefde te bewys, bou die liggaam homself op."**

## 2) Vind jou identiteit:

**Romeine 12:4-5, NLV**

**"Ons besit elkeen een liggaam wat uit baie ledemate bestaan en wat elkeen sy eie spesiale funksie het. Net so is dit ook met Christus se liggaam. Al is ons baie, vorm ons saam een liggaam omdat ons aan Christus verbind is, en as ledemate van hierdie één liggaam hoort ons saam en het ons mekaar nodig."**

- Ons het almal 'n spesifiek rol of funksie in die familie – die plaaslike kerk.

## 3) Waarheid: Groei, maatstaaf, wees eerlik met jouself.

***Kolossense 2:19, Die Boodskap***

***Hulle weet nie wat die regte godsdiens is nie, want hulle ken nie die Een om wie alle godsdiens draai nie. 'n Liggaam kan nie sonder 'n kop nie; net so kan ware gelowiges nie sonder Christus nie. Christus is die kop van die liggaam, die kerk. Hy gee alles aan die kerk wat dit nodig het om te groei. God self sien ook om na hierdie liggaam om seker te maak dat dit groei soos dit moet.***

***Efesiers 4:11-12, NLV***

***"Hý het sommige as apostels gegee, ander as profete, ander as evangeliste, en ander as herders en leraars, om God se mense toe te rus vir hulle dienswerk. Hulle werk is om Christus se liggaam op te bou."***

- Groei gaan jou kos.

***Kolossense 1:24, NLV***

***"Ek is nou bly dat ek tot julle voordeel kan swaarkry. Ek is bly dat ek die deel van Christus se vervolging wat nog oor-bly, kan help dra. Ek verduur dit in my liggaam tot voordeel van sý liggaam, die kerk."***

***Spreuke 27:17, NLV***

***"Yster slyp yster en so vorm vriende mekaar."***

## 4) Liefde – ondersteuning/deel

***Kolossense 3:15, NLV***
***"Verder, laat die vrede wat Christus bewerk het, in julle l-wens die deurslag gee; want as lede van een liggaam is julle tot vrede geroep. En wees dankbaar."***

- Ons is geroep vir liefde

***Hebreers 10:24, NLV***
***"Laat ons voortdurend aandag gee aan mekaar – oor hoe ons mekaar kan aanspoor tot liefde en goeie dade."***

- Geen familie is perfek nie, maar jou familie is perfek vir jou.

**'God gee aan die eensame 'n tuiste; dié wat gevange is, lei Hy na vryheid, maar opstandelinge woon in 'n verlate woestyn.'**
**PSALMS 68:7**